

Gereformeerde Kerk Bellville – 15 Januarie 2017 – Aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 2-2:1, 3 (Sb 34)

- 1 Die HEER is God, 'n eenge HEER;
die HEER is God, en niemand meer.
Erken dit, alle volke,
van waar die sonlig smôrens blink
tot waar dit in die purper sink
van sagdeurglansde wolke.
Die HEER is God, want Hy formeer
die dag en nag wat wend en keer
na sy verordeninge.
Hy bring die heil en onheil voort,
hul luister na sy almagswoord -
die HEER doen al die dinge.

- 3 Wee hom wat met sy Maker twis,
wat, waar hy net 'n potskerf is,
Gods weg met hom gewraak het!
'n Erdewerk, 'n nietigheid,
kan dit sy Maker ooit verwyf
dat Hy hom so gemaak het?
Maar nee, ons buig ootmoedig neer;
ons wil die hoë hande eer
wat ons so toeberei het,
ons in die hande altyd stel,
as kinders, HEER, die werk vertel
waardeur U ons verbly het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Skrifberyming 2-5:1, 3 (Sb 35)

- 1 O dieptes vol geheimenis
wat vir ons oog onpeilbaar is!
O wysheidsbron en kennis wat
die som van alle dinge omvat!
Nog dieper as die hemelrond
is God se oordeel, sonder grond.
En dieper as die diepste seë,
so onnaspeurlik is sy weë.

- 3 Uit Hom - die Bron van alle goed;
deur Hom - wat alles dra en voed;
tot Hom - die eind van al wat streef,
wat is en word, wat roer en sweef,
tot Hom is alle dinge wat
Hy met een wilsgreep gans omvat,
Aan Hom, die God wat ewig lewe,
sy ewig lof en eer gegewe.

Gebed

Psalm 37:2, 4, 15, 16 (p. 182)

- 2 Vertrou op God: die hart en hand
in troue diens aan Hom verpand.

Verlustig jou in Hom altyd
wat mild'lik gee en nooit verwyd.

- 4 Al bruis dit in jou omdat lis
en leuen hier voorspoedig is -
swyg voor die HEER, gerus en stil,
jou wil verenig met sy wil.
- 15 Ek was aanskouer van veel kwaad,
maar nooit dat God sy volk verlaat,
dat hul geslag, hoeseer geplaag,
ooit aan die bedelbrood moes knaag.
- 16 Veeleer skenk hy genadebrood
aan wie al wankel in hul nood.
Sy nageslag strooi om hul heen,
en op hul spoor ontspruit 'n seen.

Skriflesing: Genesis 37; Heidelbergse Kategismus, Sondag 9

Kernvers: Genesis 37:19-20, 26-27

En hulle het vir mekaar gesê: Daar kom daardie dromer aan! Kom dan nou, laat ons hom doodmaak en in een van die putte gooi en sê: 'n Wilde dier het hom opgeëet. Dan sal ons sien wat van sy drome word. Toe sê Juda aan sy broers: Watter voordeel is dit dat ons ons broer doodmaak en sy bloed verberg? Kom, laat ons hom aan die Ismaeliete verkoop, maar laat ons hand nie teen hom wees nie, want hy is ons broer, ons vlees. En sy broers het na hom geluister.
(Genesis 37:19-20, 26-27 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 26

Wat glo jy as jy sê: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde?

Antwoord:

Ek glo dat die ewige Vader van ons Here Jesus Christus, wat die hemel en aarde met alles wat daarin is, uit niks geskep het (a) en deur sy ewige raad en voorsienigheid nog onderhou en regeer (b), ter wille van sy Seun Christus my God en Vader is (c). Op Hom vertrou ek so dat ek nie daaraan twyfel dat Hy my, met alles wat vir liggaam en siel nodig is, sal versorg nie (d). Hy sal ook al die kwaad wat Hy in hierdie jammerdal oor my beskik, tot my beswil verander (e), omdat Hy dit as 'n almagtige God kan (f) en ook as 'n getroue Vader wil doen (g).

(a) Gen 1 en 2; Eks 20:11; Job 33:4; Hand 4:24; 14:15; Ps 33:6; Jes 45:7. (b) Heb 1:3; Ps 104:27-30; 115:3; Matt 10:29; Efes 1:11. (c) Joh 1:12; Rom 8:15; Gal 4:5-7; Efes 1:5. (d) Ps 55:23; Matt 6:25, 26; Luk 12:22. (e) Rom 8:28. (f) Jes 46:4; Rom 10:12. (g) Matt 6:32, 33; 7:9-11.

Tema: God is ook Vader in die kwaad wat Hy in jou lewe beskik

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, verlede week het ons gehoor hoe die gelowige sy vraagsteller aan die hand van Sondag 9 gehelp het om twee dinge te begryp. Ten eerste wou die vraagsteller weet hoe dit moontlik is dat die ewige Vader van Jesus Christus ook die God en Vader kan wees van 'n mens wat nog maar steeds 'n sondige mens is. Die gelowige het sy vraagsteller verseker dat dit alleenlik ter wille Christus moontlik is dat 'n gelowige die almagtige en heilige God ook as sy Vader mag aanroep.

Ten tweede wou die vraagsteller weet maar wat baat dit die gelowige dan in hierdie lewe om te weet dat die ewige Vader van Jesus ook sy God en Vader is. Daarop het die gelowige hom vanuit die Jesus se onderrig oor die gebed gewys dat die gelowige seker kan wees dat God as Vader hom met alles sal versorg wat hy vir liggaam en siel nodig het. Daarom het hy geen twyfel oor die sorg van die Here nie. As Vader sal God sy kinders nooit in die steek laat nie.

Maar die gelowige se lewe is mos nie net maanskyn en rose nie. Die vraagsteller het immers al gesien watter groot ellendes gelowiges ook tref. Daar is gelowiges wat moord in hulle families beleef het. Dit is nie net goddelose mense wat in motorongelukke vermink word nie – dit gebeur ook met gelowiges. Gelowiges word ook ontvoer, mishandel, verloor hulle werk, gaan gebuk onder 'n onredelike werkgewer, noem maar op. Gelowiges is tog mense in hierdie wêreld. Hulle word nie oorgeslaan wanneer die droogte 'n land tref nie. Hulle huise bly nie noodwendig staan wanneer daar 'n oorstroming is nie.

Die vraagsteller wil ook van die gelowige weet of God dan ook in daardie ongelukkige omstandighede nogsteeds sy Vader is. Het God dan nie in daardie omstandighede van sy kind vergeet nie? Hierdie is vrae waarmee nie net die ongelowige vraagsteller worstel nie. Daar is baie gelowiges wat met soortgelyke vrae worstel. Wanneer die een ongeluk na die ander hulle tref, waag sommige dit selfs om te vra: Waar was God dan? Kon Hy nie hierdie ellende verhoed het nie?

Josef kon verseker ook sulke vrae gevra het. As gevolg van sy broers se haat en veragting teenoor hom het hy in groot ellende gekom. Eers het sy broers hom in 'n droë put gegooi en toe verkoop hulle hom aan die Ismaelitiese handelaars. En dit was nog maar net die begin van sy ellende. In Egipte sou hy as 'n slaaf verkoop word. As gevolg van sy eenaar se listige vrou en haar leuens sou hy nog in die tronk ook beland het. Vir jare het die ellende vir Josef gery. Dit het vir hom gelyk asof daar nooit 'n einde aan gaan kom nie. Was God nogsteeds Vader in die hemel vir Josef gewees?

Die gelowige het geen twyfel dat God selfs in daardie ongelukkige omstandighede die Vader in die hemel vir hom is nie. Luister net hoe sê hy dit aan sy vraagsteller: **Hy sal ook al die kwaad wat Hy in hierdie jammerdal oor my beskik, tot my beswil verander.** Met die woorde *hierdie jammerdal* maak die gelowige dit aan die vraagsteller duidelik dat hy weet die lewe op aarde is tans nie maanskyn en rose nie. Dit is 'n jammerdal – dit is 'n put van ellende omdat die sonde 'n greep op die goeie skepping van God gekry het deur die mens se toedoen.

Om aan die vraagsteller duidelik te maak waarom hy met soveel vertroue kan sê dat God ook sy Vader is in die ellende, neem hy hom weer terug na die Skrif toe. In die gesprek lei die Heilige Gees hom na Genesis 37. Maar die vraagsteller is as ongelowige nog baie skepties oor hierdie vertroue wat die gelowige het dat God Vader is in ongelukkige omstandighede. Hy het baie aandagtig geluister toe die gelowige die hoofstuk deurlees. En toe die gelowige klaar gelees het, sien 'n mens die droefheid oor sy gesig. Josef het dit regtig sleg getref. En om dit nog erger te maak, sê die vraagsteller, dat God se Naam nie eers eenkeer in hierdie hele geskiedenis genoem word nie. Hoe kan God dan Vader wees in sulke omstandighede?

Broers, susters en kinders, dit is vir ons maklik om die vinger dadelik na die broers van Josef te wys en sê hulle is die booswigte. Dit is immers hulle wat vir Josef wou doodmaak en uiteindelik verkoop het. Maar alle sondes het maar 'n aanloop. Die aanloop tot die

broers se misdaad kan 'n mens naspour in Jakob se optrede, in Josef se optrede en in die verloop van die broers se lewens. Maar in al hierdie omstandighede en optredes is God die Vader eintlik aan die werk om sy raadsplan uit te voer.

Kom ons let eers op Jakob en Josef se optredes. Wanneer 'n mens 'n oorsig het oor Jakob se lewe kom 'n mens agter dat hy nie die voorbeeldigste pa in die wêreld was nie. Hy het toegelaat dat sy twee vroue – Lea en Ragel – in 'n bitter stryd gewikkel raak om te sien wie die meeste kinders vir Jakob in die wêreld sal bring. En toe sy lieflingvrou – Ragel – geboorte aan Josef geskenk het, het Josef vir Jakob meer getel as al tien sy ander seuns te same. En Jakob het geen geheim hiervan gemaak nie. Toe Josef by geleentheid stories na sy pa aangedra het oor die seuns van Bilha en Silpa lyk dit asof Jakob nie weer vir Josef saam met sy broers laat gaan het nie. Natuurlik sou sy broers nie gehou het van die stories wat Josef aandra nie. Daarby het Jakob ook nog vir Josef 'n spesiale kledingstuk laat maak. Jakob het dit baie duidelik gemaak dat hy meer liefde vir Josef het as vir sy ander seuns.

Voordat 'n mens sommer net vir Jakob voor stok kry oor sy optrede, moet 'n mens ook onthou watter voorbeeld hy in sy eie ouerhuis gehad het. Jakob het groot geword met 'n pa wat liewer was vir sy broer Esau as vir hom en met 'n ma wat hom regtig meer liefgehad het as vir sy broer. Vir Jakob was dit dus normaal dat jy een seun meer liefhet as 'n ander een.

Josef het as jong seun van sewentien hierdie liefde van sy pa hom laat geval. Watter kind is daar nie wat te vrede voel as hy besondere aandag van 'n groot mens ontvang nie. Omdat hy die regtig ding in sy pa se oë wil doen, het hy aan sy pa vertel watter kwaad sy broers aangevang het. Hy het nie gedink aan die gevolge van sy stories wat hy aandra nie.

Selfs nadat Josef die spesiale kledingstuk van sy pa ontvang het en hy gesien het hoe sy broers se verhouding met hom al meer en meer versleg, het Josef in sy onkundige jeugdigheid vertel van die drome wat hy gehad het. Die drome se betekenis was so duidelik dat die broers en sy pa dadelik die regte afleiding gemaak het – Josef sal oor hulle almal aangestel word en hulle sal voor hom buig. Natuurlik het hierdie drome Josef in groter onguns by sy broers gebring, sodat hulle hom later ook die naam dromer gegee het.

Terwyl die ander seuns ver van hulle huise en gesinne die vee van hulle pa moes oppas, het Jakob vir Josef in die veiligheid van sy tent gehou. En terwyl Jakob self geweet het hoe sy ander seuns vir Josef minag, gaan so waar en stuur Josef na hulle toe in Sigem om te hoor hoe dit gaan en om vir hom alles te kom vertel. En Josef trek sowaar die spesiale kledingstuk aan wat hy weet hom al so gehaat by sy broers gemaak het.

Geliefdes, ons ken almal die uitdrukking: Pleks ek maar eerder ... Josef en Jakob kon verseker ook hierdie uitdrukking gebruik het. Jakob kon gesê het: Pleks ek maar eerder 'n meer regverdig pa gewees het en al my seuns ewe liefgehad het. Pleks ek maar eerder 'n slaaf gestuur het om te verneem hoe dit met die seuns en die vee gaan. As ek maar eerder dit gedoen het, sou ek nie nou met al hierdie hartseer gesit het nie.

Josef kon gesê het: Pleks ek maar eerder vir pa gevra het waar is my broers se spesiale klere. Pleks ek maar eerder my drome vir myself gehou het en dit nie so uitgeblaker het nie. Pleks maar eerder teruggegaan het na my pa toe toe ek nie my broers by Sigem gekry het nie. As ek maar eerder nie so gretig was om by my broers uit te kom nie, sou ek nie nou as 'n slaaf op pad wees Egipte toe nie.

Ons almal kan besluite wat ons geneem het en dade wat ons in die verlede gedoen het, opnoem waar ons na die tyd ook kon sê: Pleks ek maar eerder nie dit gedoen het nie. Was ek maar eerder meer toeganklik vir my kinders gewees toe hulle klein was dan het ons seker nou 'n beter verhouding gehad. As tieners het ons almal gedink ons het die wêreldse wysheid en ons het dinge gedoen en nooit eers aan die gevolge gedink nie. En na die tyd wou 'n mens jou oë uit jou kop uit huil. Maar elkeen van ons weet pleks werk dan nie. Jy kan nie die horlosie terugdraai nie. Wat gesê en gedoen is, is klaar. Jy kry nie 'n kans om dit oor te doen nie.

Toe Jakob vir Josef na sy broers in Sigem gestuur het, was dit 'n vonk in 'n kruitvat. Die broers het hom sommer van ver af gesien aankom. Wie kan nou daardie veragtelike klere van hom nie herken nie. Hierdie broers het 'n geskiedenis van geweld. Hulle het vroeër in hulle lewe nie gekroom om 'n hele stad se mans uit te wis nie omdat die koning se seun hulle suster verkrag het (Gen 34). Daarom het plan wat hulle gemaak het so natuurlik gekom. Kom ons maak die dromer dood en dan sal ons sien wat van al sy drome word.

Ruben – die oudste van broers – het egter gekeer dat hulle vir Josef doodmaak. Hy het nog 'n misdaad teenoor sy pa gepleeg (Gen 35:22) en wou sy eie boekie by sy pa weer skoon kry. Daarom het hy gedink om vir Josef stilletjies weer terug te stuur na sy pa toe. Maar toe hy weg was het Juda in sy oë 'n beter plan. In plaas daarvan om Josef dood te maak, kom ons verkoop hom eerder. Dan is ontslae van hom en kan hy nie oor ons regeer soos wat gedink het nie. En buitendien kan elkeen van ons 'n geldjie hieruit verdien.

Die vraagsteller het tot hiertoe aandagtig geluister, maar hy kan nog nie sien hoe God dan nou Vader in die hemel vir Josef was in hierdie omstandighede nie. Daarom vra hy aan die gelowige: Maar waar is God dan in al hierdie dinge?

Om God in hierdie omstandighede werksaam te sien, moet 'n mens eers 'n tree terug gee, sodat jy verder terug en vorentoe kan kyk. Wanneer 'n mens terugkyk sien 'n mens die Here wat met Josef se oupa Abraham praat. God het by die sluiting van die verbond met Abraham gesê dat sy nageslag vir vier honderd jaar slawe in 'n vreemde land sal wees. Eers aan die einde van die tydperk sal die Here dan daardie vreemde volk oordeel en Abraham se nageslag na die beloofde land terugbring om dit in besit te neem (Gen 15:13-16). Daardie vreemde land was geen ander plek as Egipte waarheen die handelaars vir Josef geneem het nie.

Abraham het nog nie eers 'n seun gehad nie wat nog te sê van 'n nageslag en toe het God al sy volmaakte plan in plek gehad. Abraham se nageslag moes na Egipte gaan, want as hulle in die beloofde land gebly het, sou hulle al meer en meer soos die heidene in Kanaän begin leef het. Die spore daarvan om soos die wêreld te word het al duidelik deurgeslaan in die lewe van Jakob se kinders. Hulle was 'n moordadige klompie bedrieërs. Juda, so sien ons dit net in die volgende hoofstuk, het net sulke lae morele waardes as die Kanaäniete gehad. Hy het 'n kind gehad by sy eie skoondogter. Daarom het God al lank gelede sy plan bekend gemaak aan Abraham dat Hy die nageslag afgesonder op 'n ander plek wil hê, want uit hulle moet die seën vir al die nasies van die aarde gebore word – Jesus die Christus.

En plaas 'n mens Josef se geskiedenis langs dit wat met Jesus gebeur het, sien 'n mens nog duideliker hoe die Here dwarsdeur ongelukkige omstandighede Vader is vir mense. Jesus is ook die geliefde Seun van sy Vader. Sy Vader het Hom ook gestuur na sy broers en susters toe. Sy broers het Hom ook gehaat en wou baie graag van Hom ontslae raak,

want Hy het hulle ook hulle sondes gekonfronteer. Uiteindelik het sy broer Hom vir dertig silwermunstukke verraai. Vir Hom het hulle nie net in 'n put gegooi nie, maar uiteindelik aan 'n kruis gehang gekry. Hulle het Hom so verag dat hulle gedink het God sal Hom ook vervloek. God het Hom as 'n vervloekte behandel – nie oor wat die Jode van Hom gedink het nie – maar omdat sy Vader Hom gestuur het as die Verlosser van sy broers.

Dit is eers later wanneer die Heilige Gees aan Petrus die insig gee dat hy aan die Jode kon verkondig: **En nou, broeders, ek weet dat julle dit in onwetendheid gedoen het, net soos julle owerstes; maar God het op dié manier vervul wat Hy tevore verkondig het deur die mond van al sy profete, dat die Christus sou ly. Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom** (Handelinge 3:17-19 AFR53).

Vir baie jare sou Josef ook kon sê: Pleks ek maar eerder nie daardie man naby Sigem teëgekomp het nie dan het ek nie by my broers uitgekom nie. Pleks die handelaars nie daar by Dotan opgedaag het nie dan kon Ruben sy plan uitgevoer het en Josef stilletjies weggestuur het na sy pa. Maar dit was eers baie jare later toe Josef se broers voor hom gebuig het dat hy kon sien waarvoor het God al hierdie dinge laat gebeur. Dit het alles gebeur sodat die nageslag van Abraham midde in 'n wêreldwye hongersnood behoue kon bly en Abraham se nageslag tot seën van al die nasies van die aarde gebore kon word.

Geliefdes, omdat God almagtig is kan Hy nou al die dinge wat in jou lewe gebeur beskik om sy ewige plan tot uitvoer te bring. Die beswil wat Hy as Vader vir jou in die oog het, is dat jy in 'n al hegter verhouding met Hom sal lewe. Hoe alles wat tans met jou gebeur presies in hierdie plan in pas, sal jy miskien ook eers baie later te wete kom of miskien eers by die wederkoms van Christus. Maar weet verseker dat hoe diep die water ook vir jou word, die Here hou as troue Vader jou steeds stweig in sy hande vas om jou te bring waar Hy die geëer sal word – in die ewigheid by Hom.

Amen!

Slotgebed

Psalm 62:1, 4 (p. 301)

- 1 Gewis, my siel is stil tot God!
My redding kom op sy gebod,
geen vyand hoef ek nou te dug nie.
Hy is my rots, 'n skans vir my,
Hy sal my voetstap ook dán lei
wanneer ek nêrens meer kan vlug nie.

- 4 Maar jy, my siel, swyg stil voor God,
beskikker van jou lewe en lot,
wat nooit sy woord ontrou sal wees nie.
God is my rots, 'n skans vir my,
Hy sal my voetstap veilig lei,
ek hoef geen wankeling te vrees nie.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.